

SÊ JOU SÊ!

DIE STAD KAAPSTAD SE NUWE VYFJAAR- GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN 2027-2032

Die Stad Kaapstad is besig om die vyfjaar- geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP) (2027-2032) vir die nuwe ampstermyn op te stel.

Die IDP sal die vernaamste strategiese beplanningsinstrument wees wat alle beplanning en ontwikkeling wat gedurende die volgende vyfjaarampstermyn beoog word, sal rig.

IDP-prosesplan

Artikel 28(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels bepaal dat 'n munisipaliteit die plaaslike gemeenskap in kennis moet stel van die besonderhede van die proses wat hy beoog om te volg.

Kennis geskied hiermee dat die Stad Kaapstad se Raad die IDP-prosesplan (2027-2032) op 19 November 2026 aangeneem het.

Insette vir die opstel van die IDP (insluitend korporatiewe telkaart)

Ingevolge artikel 16(1)(a)(i), 17 en 29(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, moet die plaaslike gemeenskap oor sy ontwikkelingsbehoeftes en -prioriteite geraadpleeg word en aan die opstel van die IDP deelneem.

As deel van 'n omvattende veldtog om te verseker dat alle inwoners van die stad aan die opstel van die IDP vir die nuwe ampstermyn kan deelneem, sal verskeie hulpmiddels gebruik word om gemeenskapsinsette oor hul ontwikkelingsbehoeftes te verkry.

Die openbare skakelingsproses vir die opstel van die IDP vir die nuwe ampstermyn is van 20 November 2026 tot 20 Januarie 2027.

Insette ten opsigte van die opstel van dievyfjaar- geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP) (2027 – 2032) vir die nuwe ampstermyn kan op die volgende maniere ingedien word:

- Voltooi ons aanlynopname deur die QR-kode langsaan te skandeer.
- E-pos public.participation@capetown.gov.za
- Internet: www.capetown.gov.za/collaborate of www.capetown.gov.za/IDPSurvey
- Skriftelike voorleggings: Afgelewer by jou naaste subraadskantoor of munisipale biblioteek

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef of uit benadeelde groepe wat nie skriftelike insette kan indien nie, help.

Skakel 021 400 1450 of stuur 'n e-pos na Anthea.Bendie@capetown.gov.za vir hulp om jou kommentaar te laat neerskryf.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA238/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.